higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

BEGINSELS VAN STRAFREGSPLEGING
NKR VLAK 2

(8021012)

15 November 2022 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 10 bladsye.

344Q1N2215

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Watter een van die volgende is NIE ’n bron van Suid-Afrikaanse reg nie?

A Gebruike
B Strafreg
C Wetgewing
D Geskrifte van regskundiges

1.2 Billikheid behels ...

A dat ’n beskuldigde tot lewenslange gevangenisstraf gevonnis word.
B dat die agentskappe wat die wette toepas en afdwing, dit in die gees van die reg moet navolg.
C dat die reg op sekere individue toegepas word.
D dat ’n beskuldigde ter dood veroordeel word.

1.3 Behoorlike regsproses-model:

A Die beginsel dat ’n verdagte onskuldig is totdat sy/haar skuld bewys word.
B Om ’n oortreder in die gevangenis te hou.
C ’n Strafmaatreël.
D Soos dit met gewone burgers verband hou.

1.4 Pleit verwys na ...

A verklaring afgelê namens of deur beskuldigde waarin hulle ’n aanklag erken of ontken.
B om volgens hofreëls te handel.
C om onskuldig bevind te word.
D formele aanklag of beskuldiging van ’n ernstige misdryf.

1.5 Watter een van die volgende is NIE ’n funksie van die Verkeerspolisie nie?

A Verkeerspolisiëring.
B Skoolpuntdiens
C Ondersoek klagtes
D Misdaadondersoeke

1.6 Watter van die volgende is ’n rede om vrywillig hulp aan te bied?

A Mense word betaal om vrywilligerdiens te verrig.
B Mense word beroemd wanneer hulle vrywilligerdiens verrig.
C Dit lyk goed op Instagram.
D Ontwikkel nuwe vaardighede.

1.7 Die oppergesag van die reg impliseer (dat) ...

A die regsprekende gesag van die Republiek in ’n Hoogste Hof gesetel is.
B heerskappy.
C wette moet voldoen aan universele beginsels van billikheid, moraliteit en geregtigheid.
D ’n wet of reël wat deur die staat uitgevaardig word.

1.8 Jeugdiges verwys na kinders ...

A wat ’n misdaad waargeneem het.
B wat slagoffers van misdaad is.
C onder die ouderdom van 18 jaar.
D bo die ouderdom van 18 jaar.

1.9 Misdaadinligting is belangrik om polisieagentskappe te help om ...

A toesig oor die NVG te hou.
B regshervorming te fasiliteer.
C misdade op te los.
D regsadvies te gee.

1.10 Ondersoek ter plaatse word uitgevoer wanneer die …

A ander party die misdaadtoneel inspekteer.
B polisie die misdaadtoneel inspekteer.
C voorsittende beampte, op versoek van die staat, die misdaadtoneel inspekteer.
D beskuldigde die misdaadtoneel besoek.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies ’n beskrywing uit KOLOM B om by ’n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Siviel	A	Bevinding deur die hof van skuldig of onskuldig
2.2	Stigma	B	Gemeenskapspolisiëringsforum
2.3	Dossier	C	Om minder ernstig te maak en meer toegeeflik te wees
2.4	Versagting	D	’n Organisasie wat terminale mense help.
2.5	Uitspraak	E	Die onwelkome toepassing en afdwinging van ’n regstelsel in ’n gemeenskap wat reeds ’n bestaande stelsel het
2.6	GPF	F	Skande wat met ’n situasie verband hou
2.7	Oplegging	G	Optrede as gevolg van ’n voorval wat plaasgevind het
2.8	Reaktief	H	Soos dit met gewone burgers verband hou.
2.9	Beslaglegging	I	Om deur middel van ’n lasbrief iets in besit te neem
2.10	Hospies	J	Feite oor ’n misdaad

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs ‘Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.1 Die Nywerheidsrevolusie in Brittanje het gedurende die 18de en ’n gedeelte van die 19de eeu plaasgevind.

3.2 Die regsprekende gesag skryf wetgewing.

3.3 Wetstoepassingsagentskappe het almal dieselfde funksie.

3.4 Die strafregproses word in vier hoofstappe verdeel.

3.5 Verordeninge is wette wat plaaslik in antwoord op ’n gemeenskap se behoeftes geformuleer word.

(5 × 1) **[5]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Noem EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1 Om iets terug te gee wat weggeraak het of weggeneem is. ☆

4.2 Organisasie wat verkragtingslagoffers help en deur die stappe begelei wat vereis word wanneer die misdaad aangemeld word.

4.3 Tipe misdaad waarby sindikate betrokke is.

4.4 Kerke voorsien voedsel aan werklose en hawelose mense.

4.5 Grens wat die bestek van ’n bepaalde proses of aktiwiteit bepaal.

☆

(5 × 1) **[5]**

[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 5

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

Konstitusionele Hof bevestig dat deursoekings sonder lasbriewe in afgesperde gebiede ongrondwetlik is

Die Konstitusionele Hof het Vrydag ’n bevel van die Hoë Hof bekragtig wat artikel 13(7)(c) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens ongrondwetlik verklaar het. Dit is ’n oorwinning vir inwoners van vervalle geboue in die Johannesburgse middestad wat vernederende klopjagte sonder lasbriewe moes verduur wat skynbaar daarop gerig is om onwettige buitelanders aan te keer.

Artikel 13(7)(c) magtig deursoeking sonder lasbrief van enige persoon, huis, voertuig, houer of voorwerp van watter aard ook al in ’n afgesperde gebied, en gee die polisie uitgebreide mag om beslag te lê op voorwerpe in die besit van diegene wat deurgesoek word.

‘Dit maak ongetwyfeld inbreuk op die reg op privaatheid soos verwoord in artikel 14(a), (b) en (c) van die Grondwet,’ het die hof bevind, en verklaar dat hierdie gedeelte van die Wet magte aan die owerhede verleen wat die doel van die mandaat van openbare orde oorskry, en daarom geskrap moet word.

Die hof het dus saamgestem met ’n beslissing in Julie verlede jaar deur ’n volbank van die Hoë Hof in Johannesburg wat deursoeking sonder lasbriewe van private huise en hul inwoners ongrondwetlik verklaar het. Die parlement word twee jaar gegun om artikel 13(7)(c) te remedieer.

Gautengse Regter-President Dunstan Mlambo het in ’n eenparige uitspraak beslis dat die artikel se bestek te groot was en tot ontoelaatbare vlakke van inbreukmaking op ’n persoon se veilige plek gelei het.

‘Die omvang van die inbreukmaking op die diepste komponent van die persoonlike reg op privaatheid wat deur artikel 13(7)(c) van die SAPD-wet gemagtig word, is heeltemal buite verhouding tot sy openbare doel. Die artikel is ongetwyfeld te omvattend in sy reikwydte in die mate waarin dit uitvoerige en indringende deursoekings sonder lasbrief van private huise en die mense wat daarin woon, toelaat,’ het hy gesê.

‘Dit is boonop gebrekkig omdat dit versuim om polisiebeamptes riglyne te gee oor die manier waarop deursoeking van private huise en diegene wat dit bewoon, uitgevoer moet word.’
Die hof het bevind dat die tersaaklike artikel die voorskrifte van die Strafproseswet verreweg oorskry het, wat stipuleer dat deursoekings sonder lasbrief toelaatbaar is indien die betrokkenes toestemming gee, of die beamptes wat sodanige soektogte uitvoer oortuig is dat ’n hof ’n lasbrief sou uitreik, maar dat dit die doel van die deursoeking sou dwarsboom indien daar eers aansoek om ’n lasbrief gedoen sou word.

Die Konstitusionele Hof het gelas dat, totdat die parlement die wet korrigeer, die bepalings van artikel 21 en 22 van die Strafproseswet gelees word in die vakuum wat gelaat word deur die geskrapte gedeelte van artikel 13(7)(c) om die polisie in staat te stel om deursoekings binne die bestek van die eerste Wet uit te voer. Versuim om dit te doen, sal die polisie die bevoegdheid ontneem om deursoekings en beslagleggings uit te voer waar dit wel nodig sou wees.

Vertaal uit: Mail & Guardian: Emsie Ferreira 22 Okt 2021

5.1 Onderskei tussen die *Hoë Hof* en die *Konstitusionele Hof.* (4)

5.2 Noem DRIE doelwitte van die Suid-Afrikaanse Polisiediens, soos in ons Grondwet bepaal. (3)

5.3 Ten einde ’n veilige en geborge omgewing vir almal in Suid-Afrika te skep, het die Suid-Afrikaanse Pollisiediens sekere pligte. Noem DRIE van hierdie pligte. (3)

5.4 Daar is baie gespesialiseerde ondersteuningseenhede in die SAPD. Verduidelik kortliks die Eenheid vir onwettige immigrasie. (2)

5.5 Bespreek misdaadondersoek asook die doel daarvan. (8)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 6

6.1 Verduidelik die regstelsel van die Unie van Suid-Afrika. Noem in jou antwoord die bepalings wat gegeld het. (10)

6.2 Noem die redes waarom misdaadinligting belangrik is om polisieagentskappe te help. (8)

6.3 Gee DRIE redes waarom gemeenskapslede vrywilligerdiens behoort te verrig. (3)

6.4 Verduidelik kortliks TWEE verantwoordelikhede van Korrektiewe Dienste. (2)

6.5 Noem SEWE kenmerke van vrywilligerdiens. (7)
[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

VRAAG 7

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae:

Nog ’n vermiste vrou se liggaam in vlak graf in Gqeberha gevind

Gqeberha-polisie het ’n kêrel en sy vriend in hegtenis geneem nadat die liggaam van die vermiste Vicky Terblanche Saterdag in ’n vlak graf by Greenbushes gevind is.

Polisiewoordvoerder van die Oos-Kaap, kolonel Priscilla Naidu, het gesê beamptes is ingelig oor verdagte aktiwiteit in ’n huis in ’n kompleks in Eerste Laan, Millpark, op Vrydagaand.

By hul aankoms het hulle die deure, insluitend die garagedeur, wyd oop aangetref.
Die polisiebeamptes het toe forensiese dienste se hulp ontbied.

‘Terwyl hulle steeds by die huis was, het ’n 32-jarige man daar aangekom en gesê dat hy daar woon. Speurders het die man herken, aangesien hy sy meisie Donderdag by die Mount Road-polisiekantoor as vermis aangemeld het. Die man is daarna vir ondervraging na die polisiekantoor geneem.

Ondersoeke het die polisie na ’n huis in Burdstraat, Newton Park, gelei, waar ’n 24-jarige man ook ondervra is.

Teen ongeveer 03:00 op Saterdag het speurders met behulp van die K9 Soek-en-reddingseenheid die liggaam van die vermiste Terblanche gevind wat in ’n vlak graf in ’n oop veld by Greenbushes begrawe is.

Die twee mans wat in hegtenis geneem is, is haar kêrel en sy vriend.
Hulle sal na verwagting op aanklagte van moord in die Gqeberha Landdroshof verskyn.

’n Nadoodse ondersoek sal gedoen word om die oorsaak van Terblanche se dood vas te stel.

Vertaal uit: Deur: Gertrude Makhafola, 24 Oktober 2021

7.1 Die twee mans sal na verwagting op aanklagte van moord in die Gqeberha Landdroshof verskyn. Die beskuldigdes kan op sekere voorwaardes op borgtog vrygelaat word. Noem hierdie voorwaardes. (3)

7.2 Die beskuldigdes word van moord aangekla. Watter inligting behoort op die klagstaat te verskyn? (5)

7.3 Wanneer die beskuldigde in die hof verskyn, sal hy sy plek in die beskuldigdebank inneem. Definieer *beskuldigdebank*. (2)

7.4 Indien borgtog geweier word, sal die beskuldigde in aanhouding bly as ’n verhoorafwagtende gevangene. Definieer *verhoorafwagtende gevangene*. (2)

7.5 Verduidelik kortliks die rol en funksies van die volgende komponente in die strafregsplegingstelsel:



7.5.1 Wetstoepassingskomponent

7.5.2 Vervolgingskomponent

7.5.3 Hofkomponent

7.5.4 Korrektiewe komponent



(4 × 2) (8)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou